# Wie was Andrew Murray (1828-1917) in werklikheid?[1]

T G Mahne
(UP)

## ABSTRACT

### Who was Andrew Murray (1828-1917) actually?

*Murray (1828-1917) was an emissary of God. In the Dutch Reformed Church in South Africa, where he served as a full time minister for fifty eight years, he was elected Moderator six times. His influence, however, was not limited to the Dutch Reformed Church. Of the two hundred and fifty books (more than 20 000 pages) he wrote, some were translated into more than twenty languages. In spite of his intention not to write theological works, Murray was granted a doctorate degree in Theology by the University of Aberdeen in 1898. He was a man of prayer who published approximately thirty books about prayer. Murray, a mystic and perfectionist, was reared in an extremely legalistic home. As a student he joined the Secor Dabar association which was an offspring of the legalistic Réveil movement in the first half of the nineteenth century. At the age of roundabout 65, Murray was impressed by the writings of William Law (1686-1761), which fitted his mindset like a glove. But who was Andrew Murray actually? Other similar questions concerning his influence in the Dutch Reformed Church are equally important. First and foremost however: Who was this man? Was he possibly a "tossed salad" theologian? Still today we find traces of Murrayism in the Dutch Reformed Church. Fortunately his full-time service of fifty eight years has left behind a positive heritage of Scottish Calvinism.*

## 1 ANDREW MURRAY (1828-1917)

Andrew Murray (junior) se wêreldwye invloed bestaan tot vandag toe nog as gevolg van sy talle geskrifte wat (sommige vir die soveelste maal) sedert die begin van die twintigste eeu, nog elke dekade herdruk word. Die sienswyse van 'n teoloog wat so in aanvraag bly soos dié van Andrew Murray, oefen uit die aard van die saak ook 'n groot teologiese invloed op sy leserspubliek, die kerk, uit. In sy werk beweer Maris[2] tereg dat Murray se baie geskrifte meer as slegs "stichtelijke" kwaliteite besit. Om dit te staaf, wys hy op die feit dat daar aan Murray in 1898 deur die Universiteit van Aberdeen 'n eredoktorsgraad in die teologie toegeken is.

Hy was 'n gestuurde van God aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika waarin hy as voltydse leraar vir agt en vyftig jaar gedien het. Sy ongeëwenaarde *curriculum vitae*[3] getuig van die besondere gawe van God aan sy kerk in die persoon van Andrew Murray junior. Die tweehonderd en vyftig werke wat hy in sy leeftyd geskryf het, wat meer as 20 000 bladsye tel, sorg daarvoor dat sy invloed nie slegs tot sy eie kerk beperk is nie aangesien van hierdie geskrifte in talle wêreldtale vertaal is. Douglas loof sy werke met die volgende woorde: "And now that the living voice is hushed in death, it is not too much to anticipate that his printed words will speak to coming generations, and is inspiring writings take their place with the *Classics of the Devout Life*"[4]. Hierdie *Classics* tussen wie hy vir Murray plaas, is die werke van Augustinus, Guyon, Tauler, Thomas à Kempis, Jeremy Taylor, Rutherford en William Law wat hy beskou as "*a lasting heritage to the Church*".

## 2 DIE GROOTSTE ONDER GROOT LEIERS IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Murray was vroeg in sy kerklike lewe 'n besondere bekwame leier en toe reeds is hy besonder hoog geag onder sy kollegas. In 1862 word hy op vier en dertig jarige leeftyd vir die eerste keer as moderator van die Kaapse Kerk verkies. Die feit dat ds Andrew Murray as welbekende en beminde predikant, gedurende sy bediening ses keer tot die amp van moderator in die hoogste vergadering van sy kerk verkies is, spreek van sy bekwaamheid en van die besondere vertroue wat daar in hom gestel is. Selfs die vyande wat hy tydens die liberale stryd in die sinodale kring gehad het, het die hoogste agting vir hom gehad. Ook ds D P Faure wat Murray spottend afgemaak het as leier van die "ultra-ortodokse wagters op Sions mure", het Murray beskryf as 'n waardige leidsman, welsprekend, vlug en talentvol, een met 'n skerpsinnige verstand en 'n helder oordeel en 'n persoon wat in 'n vergadering vir die meeste ander persone te slim was.

In die kolomme van *Het Volksblad*, die orgaan van egte liberalisme, skryf Faure gedurende die Sinode van 1870, onder die opskrif *Zakspiegeltjie*, die volgende: "Er is geen lid der vergadering, die meer invloed bezit dan Andrew Murray, en stellig is er onder de konservatieven niemand die zijn invloed beter verdient. Hij is konsekwent, en de konsekwentie eist altijd respek"[5].

Murray was nie groot omdat ander op sy terrein so onbeduidend was nie. Volgens Conradie wys Van der Merwe daarop dat daar onder sy tydgenote manne van groot formaat was wat uit hoofde van hulle persoonlik-

hede, geestelike krag, groot verstandelike vermoëns en prestasies altyd gereken sal moet word tot die grootste geeste wat in diens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestaan het "Om [daarom] in die kring van sulke manne op betreklik jeugdige leeftyd leierskap te verwerf en vir 'n halwe eeu te behou - soos met Andrew Murray die geval was - vereis meer as 'n bietjie goeie geluk"[6].

## 3 SY OUERHUIS

Murray kom uit die tradisie van die Skotse evangeliese Calvinisme waarin nie alleen die invloed van die Skotse *Marrowmen* nie, maar ook die herinneringe van George Whitefield (1714-1770) voortleef. Vir die *Marrowmen* was die lewe belangriker as die fynere punte van die leer. Hulle Calvinisme was meer soepel as die gewone Skotse tipe; dit was "broad, catholic, liberal", en het by voorkeur stilgestaan by die liefde van God vir die hele wêreld, die offerande van Christus vir elke sondaar"[7]. Op sy beurt verteenwoordig George Whitefield weer die Calvinistiese vleuel van die Metodisme.

Andrew is in sy ouerhuis op Graaff Reinet, getrou aan die gees van die tyd, ook baie streng legalisties grootgemaak. Van der Watt tipeer in sy boek[8] die Murrayhuis se opvoeding as 'n opvoeding in die beginsels van "'n streng wettiese godsdiens", wat soms aan 'n vorm van askese wou raak. Op 'n Sondag is die kinders nie toegelaat om te speel of gewone leesstof te lees nie. Hulle kon wel in die tuin wandel en gedurende die seisoen 'n bereikbare vrug pluk - maar om byvoorbeeld op 'n Sondag in 'n boom te klim was sonde.

Wettisisme was in daardie dae algemeen in kerklike kringe. Van Andrew Murray senior, sê Claasen: "Ds Murray se preke lewer getuienis dat hy soms wel die mens se gehoorsaamheid aan God se wet ten koste van God se genadige vergifnis beklemtoon het"[9]. Waarom dan so? Hierdie vraag noop 'n nadere beskouing van die teologiese klimaat van die negentiende eeu.

## 4 TEOLOGIESE LIBERALISME EN SEKULARISME AS GODSDIENSTIGE MILIEU WAARIN MURRAY GROOTWORD EN WERK

Teologiese fakulteite en kansels het in die negentiende eeu gebuk gegaan onder 'n vloedgolf van liberalisme en sekularisme. Van der Watt sê oor hierdie tydvak dat "aan die teologiese fakulteite sou dit van kwaad tot erger

gaan... die gesag van die Heilige Skrif word verwerp, net soos ook die leer van die Drie-Eenheid; die godheid van Christus, sy bo-natuurlike geboorte en alwetendheid word aan twyfel uitgelewer"[10]. In Nederland het liberalisme onder teologiese studente hoogty gevier. John Murray vertel van "die skandelike gedrag van die teologiese studente, wat die Naam van God selfs in die klaskamers laster en by baie geleenthede in 'n beskonke toestand verkeer"[11].

Unitarisme *[die algemene term waaronder die verwerping van die leer van die Drie-eenheid sorteer. Hieronder dunamistiese monargianisme (Paulus van Samosata en Arius), patripassianisme (Noëtus en Praxeas), Servet wat in die tyd van die Reformasie die drie persone van die Drie-Eenheid bloot as drieërlei ooreenstemmende getuienis sien, asook Socinianisme (Lelio en sy neef Faustus Socinus)]* en rasionalisme (met laasgenoemde se toppunt in 1867) was aan die orde van die dag. Godsdiens was 'n saak vir Sondag en bekering 'n verouderde woord, terwyl geloof bloot die aanneem van godsdienstige waarhede behels het. Dit was hoe dit in Nederland gesteld was.

Die Kaapse kerk was egter nie gevrywaar van hierdie selfde liberalisme nie. Daar was ongeveer 25 predikante in die Kaap wat in 'n mindere of 'n meerdere mate verteenwoordigers van die liberale rigting was. Op kansels is die evangeliese leer verwerp en die basiese kenmerkende dogmata van die kerk is byna nie meer geglo nie. Die Kaapse Sinode moes teen meer as een vrysinnige leraar soos J J Kotzé en T F Burgers optree.

Murray toon reeds as student dat hy hierdie liberalisme teengaan. As leraar en moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk speel hy die hoofrol in die ortodokses se verset daarteen. Regsinniges het 'n stryd gevoer teen wetenskaplike ongeloof. 'n Teenreaksie het natuurlik altyd die neiging om legalisties te handel en as alternatief 'n legalistiese lewenswyse te bemark. By Murray en die ortodokses was laasgenoemde dan ook die geval. In so 'n milieu is dit dan ook te verstane dat "evangelies gesindes" soos Murray nie oor die fynere dogma in die prediking besorg sou wees nie. Die voortbestaan van basiese Skrifwaarhede was waarom dit gegaan het.

Die negentiende eeu is verder ook gekenmerk deur verdeeldheid onder Christene. Onder hierdie omstandighede sou 'n ekumeniese gees onder eendersdenkende konserwatiewes en 'n vashou aan die elementêre leerstellings in die prediking soos bekering en 'n heilige, vroom lewe, die logiese reaksie van teoloë soos Murray wees.

As student het Murray in die atmosfeer van die *Secor Dabar* ('n beweging wat onder invloed van die legalistiese *Rêveil*-beweging ontstaan het), 'n verdere stimulus vir sy wettiese benadering ontvang. In Nederland ontstaan die *Rêveil* (Frans vir "ontwaking"). Hierdie opwekkingsorganisasie was 'n nie-kerklike aksie in literêre kringe wat in opstand kom teen die liberale gees en sekularisme in die kerk en samelewing van die negentiende eeu. Die kerk het sy plig sodanig versuim dat gelowiges vanuit die sekulêre wêreld op hierdie wyse die kerk se apologetetaak oorgeneem het. Onder invloed van die *Rêveil* stig 'n groep studente op die kampus van die Universiteit van Utrecht die *Secor Dabar* wat ten doel het om in die gees van die *Rêveil* "de wetenschappen te beoefenen, die gevordert worden tot het voortreffelik ambt van evangelieprediker"[12]. *Secor Dabar* se eerste offisiële vergadering vind plaas op 8 Oktober 1844 ('n jaar voor die Murray broers se aankoms in Utrecht). Genoemde datum kan as die stigtingsdatum aanvaar word.

*Secor Dabar* is die Hebreeus in Psalm 119:49 wat in Nederlands met "Gedenk het Woord" vertaal is. Hierdie beweging was nie alleen daar om leerstellige dwaling teen te werk nie, maar ook om 'n diens aan die koninkryk te lewer. *Secor Dabar* het ook passievolle evangelisasiewerk gedoen onder mense wat besig was om verlore te raak in die agterbuurtes van Utrecht. Op dié manier het die evangelisasiehartklop in Utrecht weer aan die gang gekom, en dit kan met reg 'n herlewing van die kerk genoem word. Manne van die *Rêveil*-beweging soos onder andere Da Costa het van tyd tot tyd *Secor* se vergaderings bygewoon en toegespreek. *Secor Dabar* was nie altyd ingestel op gereformeerde kerklike bepalings nie. Metodistiese, piëtistiese private nagmaalsvierings ("sluipvergaderinge"), wat destyds simptomaties van die kerklike toestande in Nederland was (ook vandag in Suid-Afrika), is tydens *Secor*-byeenkomste gehou. *Secor* se oogmerk was praktiese Christenskap: Glo, liefhê en werk.

*Secor Dabar* toon ook sterk trekke van wettisisme. 'n Reglement is opgestel met die opskrif: *Wetten van Het Gezelschap SECOR DABAR opgericht den 8 sten van Wijnmaand 1844*[13]. Let op die woord "Wetten". *Secor* se wettiese benadering het natuurlik ook sterk teenstand van medestudente en professore ontlok. Geen wyn, sterk drank, sigare of pype is op die vergaderings van *Secor* toegelaat nie. Slegs koffie, tee en sjokolade is as geoorloof beskou. 'n Streng wettiese dissipline is op laatkommers of persone wat sonder verskoning afwesig was, toegepas. Sodanige persone is beboet.

Die appel val nie ver van die boom nie en daarom kan ons verstaan dat die karaktertrekke van die *Réveil* ook in *Secor Dabar* aangetref word. Anderssen bevind dat die *Réveil* waaruit *Secor Dabar* gebore is, 'n legalistiese beweging was wanneer hy sê: "Die *Réveil*-kringe het veral 'n kragtige teenstander gehad in die persoon van H F Kohlbrugge, wat in sy verset teen die wettiese heiligheid van die *Réveil*, die idee van 'n inklewende heiligheid as resultaat van die herskeppende werksaamheid van die Gees verwerp het"[14].

## 6 LEGALISME SE SIAMESE TWEELING

Net soos wat sekere kleure saamsmelt en sekere stukke gereedskap saam gebruik word, so bestaan daar in die geesteswêreld 'n trilogie wat meng en saamsmelt tot 'n eenheid. Hierdie drie is legalisme, perfeksionisme en mistisisme. Perfeksionisme kan nie sonder legalisme nie en mistisisme kan nie sonder perfeksionisme nie. Die een komplementeer die ander. Die een is afhanklik van die ander. Die drie is soos klip, sand en sement wat saam 'n betonmengsel vorm: klipharde legalisme, sandsagte mistisisme en sement-saambindende perfeksionisme. Ons kan ook sê legalisme het geboorte geskenk aan 'n siamese tweeling wat aan die hart met mekaar verbind is, naamlik, legalistiese perfeksionisme en legalistiese mistisisme.

In mistisisme vind perfeksionisme 'n ideale milieu om sy legalisme uit te lewe. Murray, wat 'n mistikus is, is legalisties en is ook 'n perfeksionis. In *Wees Volmaak* sê hy: "God moet alles wees en alles hê. As Wetgewer en Regter durf Hy [God] met niks minder tevrede wees as die absolute wetlike volmaaktheid nie"[15]. Anderssen sê daarom tereg: "Al het Andrew Murray ook probeer om tussen sy opvatting van perfeksie en die perfeksionisme te onderskei, het hy nie genoegsaam daarin geslaag nie, en kon hy ook nie, omdat sy perfeksie-ideaal ook sterk wetties gekleurd is"[16].

En Mistisisme? Die titel van Thomas Cogswell Upham se boek oor perfeksionisme is *The Mystical Perfectionism*. Cox praat in sy beskrywing van mistisisme van "the Mystic Way - the ladder of perfection or scala perfectioni"[17]. Heyns wys daarop dat die trappe van perfeksionisme deurtrek is met legalisme en sê: "In die swaar aksent ... op die heiliging ... wat radikale en totale bevryding van die mag van sonde meebring ... verkry die heiliging 'n ... uitgesproke nomistiese ... karakter"[18].

Die mistieke in ons diens aan die Here is noodsaaklik, maar dit loop altyd die gevaar om hande te vat met blydskaplose perfeksionisme. Vir Murray se christosentriese mistisisme is daar talle bewyse. In sy boek *Holy in Christ* sê hy dat "the holy life of Christ descends and takes possession of

His people, and they become one with Him"[19]. In *Working for God* praat hy van die "true Son-life, the true life of every child of God"[20] en "the return of Christian ministers and workers to their true place before God - in Christ and like Christ"[21]. In *Ziende op Jezus* sê hy: "Laat dit ook bepaald uw doel wezen: u van den Heere Jezus in het Heiligdom te laten inleiden, om daar allen dag voor Gods aangezicht te wonen"[22]. Aangesien dit nou duidelik blyk dat Murray 'n legalis, perfeksionis en mistikus is, kom ons voor 'n volgende vraag te staan, naamlik deur wie is Murray sodanig beïnvloed?

## 7 DEUR WIE IS ANDREW MURRAY JUNIOR TOT DIE TRILOGIE MISTISISME, PERFEKSIONISME EN LEGALISME BEÏNVLOED?

Johannes du Plessis beweer dat "Niet lang vóór zijn bezoek naar Engeland in 1895 was Ds Murray onder de betoverende invloed van William Law, de beroemde non-juror en mysticus der achttiende eeuw gevallen"[23].

Alvorens daar op bogenoemde hipotese ingegaan kan word, is dit nodig om eers kortliks iets oor Law te sê. William Law (1686-1761) was 'n Engelse mistikus. Tot vandag toe leef sy diepsinnige denke, wat groot figure soos John Wesley beïnvloed het, steeds voort. Sy werke van drie eeue gelede word steeds bestudeer en bewonder soos blyk uit Peter Lang se *The Mysticism of William Law* (New York 1992). Law was nie net 'n mistikus nie maar ook 'n perfeksionis en legalis. Hiervoor is daar talle bewyse in die negentien boeke wat uit sy pen voortgekom het. Van Law se 1729 *magnum opus, A Serious Call to a devout and Holy Life,* sê G C W Davies[24] dat dit ontbreek aan blydskap oor die goeie nuus van die Evangelie. Dit is wat legalistiese perfeksionisme doen - dit beroof die Christen van sy blydskap in die Here.

Die vraag is nou of daar bewyse gevind kan word vir Johannes du Plessis se hipotese. Law was ongetwyfeld die enkele figuur wat op 'n sekere stadium van Murray se lewe die grootste indruk van alle skrywers op hom gemaak het. Dat hy hom egter beïnvloed het soos Du Plessis dit stel, is hoogs onwaarskynlik want "nie lank voor 1895" beteken dat Murray toe al reeds ongeveer 66 jaar oud was. Die vraag is of Murray se eie gedagtes teen daardie tyd nie reeds gevestig was nie? Ons kan veel eerder sê dat in die vroeë 1890's, toe Murray reeds 'n man van diep in die sestig was, hy in William Law sy belangrikste geesgenoot gevind het, by wie hy ten opsigte van sy eie gevestigde legalisme, mistisisme en perfeksionisme met akklamasie kon aansluit. Met ander woorde, Law se legalis-

tiese perfeksionisme en legalistiese mistisisme het slegs die reeds teologies gevormde Murray soos 'n handskoen gepas. Die woord *beïnvloed* behoort met die woord *beïndruk* vervang te word. Vir hierdie stelling dien ook nog die volgende aanvullende bewyse:

Reeds sewe jaar voor 1895 vind ons by Murray christosentriese mistisisme as hy tóe al skryf: "the holy life of Christ descends an takes possession of His people, and they become one with Him"[25].

Dertien jaar voor 1895 kom perfeksionisme al na vore as hy in *Abide in Christ* (heruitgawe in 1979) sê: "The abiding in Jesus makes it possible to keep from actual sinning"[26].

Elf jaar voor 1895, in *De school des gebeds*, merk ons legalisme as hy telkens die term *reël* of *wet* gebruik wanneer hy oor gebed skryf, soos byvoorbeeld: "In geestelijke dingen zoeken wij niet altyd naar het noodigste, weten wij niet altyd naar den regel en de wet van het Heiligdom te bidden"[27] en elf jaar voor 1895 in *Jezus de Geneesheer der Kranken* (herdruk in 1924) kom dieselfde gebedslegalisme ook na vore. God staan reeds in 1884 as't ware magteloos in Murray se legalistiese denke, want "As die sonde bely en afgelê is, dan kan die Heer die tugtiging wegneem"[28].

## 8 WAS MURRAY IN- OF UIT PAS MET DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SY TYD?

'n Mens sou ten slotte kon vra of Murray met sy teologie in- of uit pas was met die gees binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk van sy tyd. Heeltemal uit pas kon hy nie wees nie. Sy uitsprake oor die uitstorting van die Heilige Gees vind ons ook in 'n skrywe van die Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in daardie tyd. In 1842 roep die moderator William Robertson die kerk op tot gebed om die uitstorting van die Heilige Gees (Die kerk het hiermee nie die herhaling van Pinkster bedoel nie, maar die uitdrukking is nogtans misleidend).

Om te beweer dat Andrew Murray heeltemal in pas was met die kerk, is ook nie heeltemal waar nie (vergelyk paragraaf 11.2 in verband met ds Dirk Postma en die ring van Transgariep). Veral ten opsigte van die fynere gereformeerdheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as 'n belydeniskerk is dit miskien te veel gesê. Die saak van Ds Kotzé van Darling teen Murray met betrekking tot die Dordtse Leerreëls[29] dien hier as voorbeeld. Nog 'n voorbeeld is Murray se kontrovers met S J Du Toit (1847-1911). Du Toit het hoofsaaklik oor gereformeerde en kulturele beginsels met Murray gebots en uiteindelik met agt *Kruiskerke* van die

Nederduitse Gereformeerde Kerk weggebreek[30]. Die vraag is waarom wyk Murray dan af van die fynere gereformeerde leer?

## 9 DIE VRAAG NA DIE *WAAROM* VAN MURRAY SE TEOLOGIE.

Op die dogma-historiese vraag na die waarom van Murray se teologie dien sy Skotse agtergrond, sy vroom vader as voorbeeld, asook die liberale-stryd-milieu waarin hy grootword en werk, nie as 'n afdoende antwoord nie, aangesien John en Andrew, twee broers uit dieselfde gesin, met dieselfde teologiese opleiding en met dieselfde milieu waarin hulle leef en werk, teologies redelik van mekaar verskil: "Unlike Hofmeyr and his brother Andrew, however, [John] Murray specifically defended the Canons of Dort as being consistent with Scripture"[31]. Andrew was gewoonweg "more influenced by contemporary theological movements and less confessional and less Calvinist than John" [sy broer][32]. Binne Andrew se spiritualiteitsraamwerk wat anders was as dié van John, het die Dordtse Leerreëls nie 'n plek gehad nie: "He never quoted the Canons of Dort in support of his views, in spite of their strong emphasis on the doctrine of the new birth"[33]. John het die Dordtse Leerreëls wel verdedig.

Waar kom Andrew Murray se teologie dan vandaan en wat het van hom gemaak dit wat hy wel was? Andrew Murray was maar net Andrew Murray! Dit was net nie in sy aard om vernuwing deur middel van redelike insigte te bevorder nie. Om Murray se persoon en teologie te kategoriseer, is egter nie so maklik nie. Daarom die vraag: Wie was Andrew Murray?

## 10 WIE WAS ANDREW MURRAY (1828-1917)?

Wanneer daar op so 'n vraag 'n antwoord gegee moet word, word dit duidelik dat die beste moontlike ondersoek en antwoord na die geskiedenis van enige persoon of gebeurtenis nooit maklik en volledig kan wees nie. Die laaste woord oor die lewe van iemand soos Andrew Murray sal nooit gespreek kan word nie. Jürgen Moltmann sê tereg dat kennis van die mens veranderende kennis is. Wanneer mense na mekaar kyk, kom hulle dikwels agter dat hulle "in een zaal met duizend spiegels"[34] is en so "wordt de mens zelf inderdaad tot het grootste geheim voor de mens"[35].

Wie is Andrew Murray? Is hy 'n ware legalis in murg en been? Is hy 'n gereformeerde teoloog? Is hy 'n Semi-Pelagiaan of 'n Remonstrant? Wie is hy? Dit is maklik om tot die oortuiging te kom dat Andrew Murray junior 'n godsman is vir wie die lewe Christus was. Maar dit is uiters

moeilik om op die ander vrae hier gestel klinkklare antwoorde te vind en wel om die volgende vyf redes:

### 10.1 Onoorwoë stellings

Murray maak soms onoorwoë stellings wat dit moeilik maak om sy denke te bepaal. Die volgende is voorbeelde hiervan:

Sy boek *De School Des Gebeds* (1884) bestaan uit oordenkinge oor die opleiding van die gelowige tot voorbidding. In les 1 sê hy gebed is 'n hoë en heilige werk van die kind van God. Hierdie gebedswerk is "de bron van alle zaligheid, het geheim van alle leven en zegen"[36]. Wat bedoel Murray met so 'n stelling? Is die werk van 'n mens op sy knieë werklik die "bron van alle saligheid"? Bedoel hy dat die oorsprong van alle saligheid in menslike goeie werke lê? 'n Kenner van Murray weet dat hy dit nie só bedoel nie, maar dit is wat hy skryf.

'n Volgende voorbeeld word gevind in *De Geestelijke Toestand Der Kerk* (Nederlandse vertaling van *The State of the Church*) waar hy God se unieke eienskappe van Oneindigheid en Almag gelykstel aan die menslike gebedsaksie wanneer hy sê: "Zoo Oneindig en Almachtig als God is, is ook het gebed"[37]. Die oneindigheid van God beteken dat God in geen enkele vorm van afmeting en hoeveelhede weer te gee is nie. Slegs Hy is oneindig. Slegs aan wat Hy is en het, is daar geen grense nie. Aan gebed is daar wel grense, hoe skriftuurlik korrek en volgens reëls daar ookal gebid mag word. 'n Bestudeerder van Murray weet egter dat hy dit nie so bedoel nie, maar dit is wat hy onoorwoë skryf!

Wat die gelowige se dankoffer betref, sê hy: "Hou daagliks u gawes gereed; God vra hulle en sal hulle seën - die hemel sal daardeur nader na u toe kom en u sal nader aan die hemel kom"[38]. Wat beteken dit? Dui dit op 'n soort aflaatstelsel? Wie Murray lees, sal besef dat hy dit nie so bedoel nie. Wat hy egter daarmee bedoel, verduidelik hy nie.

### 10.2 Inkonsekwentheid

Murray is soms inkonsekwent in sy uitsprake en dit maak dit moeilik om hom in die een of die ander teologiese kategorie te plaas. In *Wees Volmaak* sê hy: "As iemand hierdie boek opneem met die idee om daarin die uiteensetting of bevestiging van 'n teorie oor perfeksionisme te vind, sal hy teleurgesteld wees"[39]. Hy wil duidelik nie 'n perfeksionis genoem word nie, maar net daarna waarsku hy weer die gelowiges dat hulle nie na die opvatting moet luister dat volmaaktheid nie in hierdie lewe moontlik is nie. In *Abide in Christ* sê hy: "No believer can say... 'I have no sin in me', or 'I have in time past never sinned'"[40]. Twee bladsye verder in dieselfde

boek skryf hy weer: "The abiding in Jesus makes it possible to keep from actual sinning; and Jesus Himself makes it possible to abide in Him"[41].

## 10.3 Murray se oortreffende-trap-skryfstyl

Murray skryf graag in die oortreffende trap wat die vraag laat ontstaan of hy nie maar net binne sy milieu van liberalisme van skoktaktiek gebruik maak in plaas daarvan om doelbewus van die gereformeerde leer af te wyk nie. Die volgende is voorbeelde hiervan: "En de Heere Jesus ... doet niets zonder de medewerking van de gebeden van de leden van Zijn lichaam, Zijn geloovig volk"[42] en "Christus, het hoofd, kan Zijn werk uit den hemel niet volbrengen als Zijn lichaam, de Kerk, ... niet geheel met alle kracht samenwerken"[43]. Stellings in die oortreffende trap is 'n goeie metode om slapendes wakker te maak, mits jy nie daarmee groter probleme veroorsaak nie. Sleutelvrae wat in die kern van die dogmatiek lê en die oorsaak van menige kettery is, word deur Murray met sy skoktaktiek onbeantwoord gelaat. Net soos wat die liberaalgesinde teoloog nie onnadenkende uitlatings kan maak sonder om skade te berokken nie, net so berokken die konserwatiefgesinde ook skade met onnadenkende uitlatings.

## 10.4 Paragraafkettery by Andrew Murray

Murray skryf hoofstukke vol van die suiwerste gereformeerde teologie, maar soms net in 'n enkele paragraaf of 'n enkele sin wyk hy af van die regsinnige gereformeerde leer. Daar is byvoorbeeld aangrypende gedeeltes oor gebed in sy werke. Diegene wat nog nie sy werke gelees het nie, loop baie mis. Hy openbaar 'n diepgang wat skaars is in die beskikbare literatuur oor gebed. Uit die talle voorbeelde van gebedsverhoring wat hy uit sy ryke kennis en ondervinding opnoem, blyk dit dat hy praktykgerig is. By hom is 'n piëteit en godsvrug wat by min outeurs te vinde is. 'n Voorbeeld van so 'n enkele afwykende paragraaf vind ons in *De Bediening Der Voorbidding* waar hy kortliks verklaar dat die gelowige net in sekere sake in sy gebedslewe homself in oorgawe aan die wil van God moet onderwerp. "In sommige dingen is dit het geval; maar geenzins in de groote geestelijke zegeningen waaromtrent God zulke onbepaalde beloften heeft gegeven"[44]. Wat hierdie "sommige dinge" is wat onderwerping aan die wil van God vra en wat die "onbepaalde beloftes" is wat nie onderwerping aan God se wil vra nie, sê Murray nie verder nie! So 'n standpunt bots egter met die derde bede in Christus se modelgebed en daarmee met die wese van 'n algehele oorgawe van die gelowige aan God se wil. Uit die voorafgaande vier punte kan daar tot 'n konklusie gekom word: Murray is 'n mengelslaai teoloog!

## 10.5 Murray is 'n mengelslaai-teoloog

Murray is 'n mengelslaai-teoloog wat dit vir navorsers moeilik maak om te bepaal watter bestanddele in sy teologie vir hom die belangrikste is. Van elke toegewyde teoloog en ook van elke vroom denkrigting wat hom beïndruk het, het hy skynbaar iets sy eie gemaak, en dit dan net so, of in 'n verwerkte vorm, aan ander deurgegee. Hy doen dit soms ten koste van die suiwer gereformeerde kerkleer, maar dan ook weer soms ten koste van nie-gereformeerde groepe. Ook die mees kontrasterende leerverskille tussen protestantse teoloë oor iets soos die doopkwessie, was in sy *mengelslaai*-trant nie vir hom 'n probleem *nie*[45].

So asof hy iets van alles onder een sambreel wil verenig is Murray soms gereformeerd en dan weer op eg semi-Pelagiaanse styl verander die effektiewe genade van God tot 'n blote hulppakket waarin God en mens as interafhanklikes mekaar tegemoet moet kom en aanvul. Soms is hy 'n sunergistiese kampvegter ten gunste van 'n reële samewerking van God en mens in die tyd deur laasgenoemde se gebed en dan weer is dit "genade alleen". In sy gebedslegalisme is die bidder die doener en God dikwels net die respondent. Maar die gebedslegalis Murray is dikwels die anti-legalis Murray. Eg Arminiaans (met voorwaardelike genade) skryf hy: "How to learn to pray like Moses? We cannot secure this grace by an act of the will. Our first lesson must be, the sense of impotence. Then grace will work it in us"[46]. Maar tog hoor ons ook elders by hom die pragtige gereformeerde teologie weerklink! "What peace ... never to offer a prayer ... without first having the glad remembrance that what we do is only the manifestation of what God is doing in us[47]".

'n Mens kan met F J Liebenberg[48] saamstem wanneer hy sê dat Murray nie in 'n wettiese leer oor heiligmaking verval nie. Dit is reg; hy verval nie daarin nie, want telkens tel 'n stukkie gereformeerde teologie hom weer daaruit op. 'n Mens kry dit dus nie reg om hom vas te pen in die een of ander waterdigte denkskema nie. Indien Murray 'n konsekwente gereformeerde denker was, sou ons waarskynlik nie na 'n eeu nog oor sy werk debat gevoer het nie. Dit is juis hierdie Murraynisme van onoorwoë stellings, inkonsekwente uitsprake, 'n oortreffende-trap-skryfstyl, paragraafkettery en 'n mengsel van uiteenlopende teologiese oortuigings wat maak dat teoloë na 'n honderd jaar nog steeds rondom sy werke aan die worstel is.

## 11 MURRAY SE INVLOED OP SY KERK

Andrew Murray junior se teologiese bydrae het 'n prominente dogmatiese tradisie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom vestig. Strauss praat van die dogmatiese tradisie *in* en nie *van* die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie en sê dan: "Daaragter lê die oortuiging dat 'n kerk verskillende dogmatiese tradisies in homself kan huisves sonder dat een van hulle noodwendig díe dogmatiese tradisie *van* die kerk hoef te wees"[49]. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het ongetwyfeld meer as een tradisie wat eie aan hom is - vandaar die unieke karakter van die kerk. Reeds in 1906 sê J I Marais: "Ons Kalvinisme is dat van Holland, getemperd door dat van Frankrijk, verlevendigd en verrijk door dat van Schotland"[50].

Andrew Murray se teologiese bydrae tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geensins díe dogmatiese tradisie ***van*** die kerk nie, maar hy het wel op die volgende wyses tot die unieke karakter van die kerk bygedra:

### 11.1 'n Evangelies-legalistiese lyn

Murray versterk die evangelies-legalistiese lyn binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk toon van vroeg af reeds 'n evangelies-legalistiese benadering as een van sy kenmerke. "Evangelies" is egter 'n woord wat moeilik definieerbaar is. Dit is "soos 'n gladde ronde klip wat in enige rigting kan rol"[51]. Hierdie klip, sê Strauss, het al in verskillende rigtings gerol. Hy verwys na professor John Murray (broer van Andrew Murray), eerste dosent in dogmatiek aan die Universiteit van Stellenbosch en na professor Jonker, latere professor in dogmatiek aan dieselfde inrigting, as hy sê dat die uitverkiesingsleer aan die begin (Murray) meer in Amiraldistiese sin uitgelê is en aan die einde (Jonker) lyk dit of daar na dié posisie teruggekeer word. By Andrew Murray het die evangeliese klip 'n draai gemaak by (legalistiese) perfeksionisme, (legalistiese) mistisisme en veral ook by legalisme in gebed. 'n Murraynistiese evangelies-legalistiese lyn is steeds by baie lidmate en leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te bespeur. Die waarneming hiervan kom nie van 'n onskuldige wat eenkant op die kantlyn staan nie, maar van een wat homself identifiseer met die stelling: "Ons almal vind dit ewe moeilik om dit met die genade uit te hou"[52].

### 11.2 Ekumene

'n Spontane, vreeslose uitreik na gelowiges met ander dogmatiese tradisies is 'n kosbare erfenis wat vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk veral

deur Andrew Murray agtergelaat is. Hy was dikwels die enigste een wat besoekende teoloë uit ander lande en ander denominasies by die Kaapstadse hawe gaan afhaal, versorg en soms selfs op sy kansel laat preek het. Ds Dirk Postma van die Gereformeerde Kerk is by geleentheid op die kansel deur Murray in Bloemfontein toegelaat. Hierop het die ring van Transgariep met ontsteltenis en ernstige vermaning gereageer.

As gereformeerde het Murray die grootste waardering vir die Armeniaan D L Moody gehad. So kan nog talle voorbeelde aangehaal word. Hierdie erfenis hou, as dit verkeerd bestuur word, 'n groot risiko vir leersuiwerheid in. In 1 Timoteus 4:16 sê Paulus: "Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as díe wat na jou luister". Die uitdaging bestaan egter gelyktydig dáárin dat binne die oop ruimte van die Nederduitse Gereformeerde kerkgemeenskap en kansel baie soorte mense hulleself tuis voel en 'n bydrae lewer: die legalis en metodis, die mistikus en perfeksionis, die Calvinis en selfs ook die "hiper-Calvinis". Wat 'n kerk, wat 'n veelkleurigheid, wat 'n gevaar, maar ook wat 'n uitdaging! Verdere navorsing kan moontlik hieruit spruit.

### 11.3 Skotse Calvinisme

Dit wat Andrew Murray as Skotse Calvinis kom bevestig en hervestig het, is dieselfde aspekte wat Strauss uitwys in sy beskrywing van die dogmatiese lyn in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, naamlik die "nadruk op persoonlike bekering; beklemtoning van 'n vroom lewenswandel; ywer vir die sending; akkommodering van verskillende aksente binne die eie kerklike kring; bereidheid om met ander kerke saam te werk; strewe om ook die samelewing in 'n christelike sin te beïnvloed"[53]. Genoemde aspekte het Andrew Murray tot aan die einde van sy lewe beklemtoon en beoefen. Sy talle geskrifte is nie slegs op boekrakke geplaas nie, maar dit is ook binne in die harte van tienduisende Christene ingedra.

Die vraag kan ten slotte gevra word of Murray se werke weens sy mistieke- en perfeksionistiese legalisme vermy moet word. Dit is 'n opsie maar sou die kerk egter baie armer laat. Maris se gesindheid van openheid teenoor Murray moet daarom eerder oorweeg word. Wanneer Maris sy profiel van Murray se opwekkingsteologie met genoegsame kritiek daarteen afsluit sê hy: "Tenslotte - men leze al het voorgaande niet als een aansporing om Murray niet te lezen. Wel als een aansporing om het met onderscheidingsvermogen te doen. Want dat er ook vandaag reden is om te zoeken naar voedsel tot versterking van een schrale gemeente, en om die gemeente aan te moedigen ervan te gebruiken, kan niemand ontkennen"[54].

## NOTAS:

1 Artikel gebaseer op DD-proefskrif getitel: "Legalisme en gebed in die werk van Andrew Murray. Die invloed van William Law" ingedien by Departement Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria gedurende 1997.
2 J W Maris, *Geloof en Ervaring: van Wesley tot de pinksterbeweging*, Leiden 1992, 112.
3 Vergelyk J du Plessis, *Het leven van Andrew Murray*, Kaapstad 1920.
4 W M Douglas, *Andrew Murray and his message:* one of God's choice saints, London 1926, 326.
5 J du Plessis, *a w*, 268.
6 B Conradie, *Andrew Murray na honderd jaar*, Stellenbosch 1951, 184.
7 Conradie, *a w*, 193.
8 P B van der Watt, *Prof John Murray (1826-1882)*: *sy bydrae en betekenis*, Kaapstad 1983.
9 J W Claasen, Die kerklike godsdienstige agtergrond en die invloed van die eerste Skotse leraars in Suid-Afrika, (DD-proefskrif), Universiteit van Pretoria 1990, 386.
10 P B van der Watt, *a w*, 25.
11 Van der Watt, *a w*, 26.
12 Du Plessis, *a w*, 65.
13 P B van der Watt, *John Murray 1826-1882: Die eerste Stellenbosse professor.* Pretoria 1979, 48.
14 B J K Anderssen, 'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray, (DTh-proefskrif), Universiteit van Stellenbosch 1979, 2.
15 A Murray, *Wees volmaak*, 'n Boodskap van die Vader in die hemel aan sy kinders op aarde, Stellenbosch 1893, VI.
16 Anderssen, *a w*, 199-200.
17 M Cox, *A handbook of christian misticism*, London 1986, 28.
18 J A Heyns, *Dogmatiek* (tweede druk), Pretoria 1981, 324.
19 A Murray, *Holy in Christ*, London 1888, 22.
20 A Murray, *Op God wachten*: *overdenkingen voor eene maand,* Milborn 1901, 33.
21 Murray, *a w*, 1901, 33.
22 A Murray, *Ziende op Jezus*, Amsterdam 1893, XV.
23 Du Plessis, *a w*, 460.
24 J D Douglas (red), *The New International Dictionary of the Christian Church*, Grand Rapids 1974, 587.
25 Murray, *a w*, 1888, 22.
26 A Murray, *Abide in Christ*, Springdale Pa 1979, 174.
27 A Murray, *De school des gebeds*: *overdenkingen omtrent onze opleiding tot de heilige bediening der voorbidding,* Amsterdam 1884, 4.
28 A Murray, *Jesus, die geneesheer van die krankes*: *of geloofsgenesing volgens Gods Woord,* Pretoria 1924, XIII-XIV.
29 Vergelyk A Moorees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*, Kaapstad 1937, 994 & 1006-1007.
30 Vergelyk M J Badenhorst, *Die Kruiskerk en die Strydenburgese kerkkwessie met di S J du Toit en Andrew Murray in twee kampe*, Stellenbosch 1970.

31 G Thom, The Calvinist Pietism of professor John Murray (1826-1882). *Studia Historiae Ecclesiasticae*, Vol XVIII, No 1. June, Pretoria (University of South Africa) 1992, 36.
32 Thom, *a w*, 28.
33 Thom, *a w*, 30.
34 J Moltmann, *De mens: christelijke antropologie in de conflicten van deze tijd,* Stuttgart 1971, 9.
35 Moltmann, *a w*, 12.
36 Murray, *a w*, 1884, 2.
37 A Murray, *De geestelijke toestand der kerk*, Kaapstad 1915, 60.
38 A Murray, *Geld: gedagtes vir die rentmeesters van God,* Stellenbosch 1940, 16.
39 Murray, *a w*, 1893, V.
40 Murray, *a w*, 1979, 172.
41 Murray, *a w*, 1979, 174.
42 A Murray, *Leer ons bidden: korte overdenkingen over het gebed,* Paarl 1919, 63.
43 Murray, *a w*, 1919, 97.
44 Vergelyk A Murray, *Versamelde Werke deel V: Die huislike lewe*, Stellenbosch 1943, 338.
45 A Murray, *De bediening der voorbidding*: eene oproeping tot gebed door Andrew Murray, predikant te Wellington, Zuid-Afrika, Kaapstad 1898, 125.
46 A Murray, *The inner chamber: and the inner life,* London 1905, 32.
47 Murray, *a w*, 1979, 82.
48 In A Murray, *Die Goddelike Geheim*, Stellenbosch 1942, voorwoord.
49 S A Strauss, *Op soek na die dogmatiese tradisie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: die Stellenbosse lyn*, (Intreerede Bloemfontein) 1993, 2.
50 Claasen, *a w*, 414.
51 Strauss, *a w*, 31.
52 J Cilliers, *Die uitwissing van God op die kansel*, Kaapstad 1996, 4.
53 Strauss, *a w*, 31.
54 J W Maris, *Andrew Murray (1828-1917): profiel van zijn opwekkingstheologie,* Apeldoorn 1995, 37.